NUUSBRIEF Nr. 23 **Mei 2017**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag, 29 Mei 2017; 09h00 vir 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

AANPASSINGS IN VEEBOERDERY

Derick Swart

Dr Derick Swart was Programbestuurder by die Landbounavorsingsraad se Instituut Dierevoeding en –produksie by Grootfontein Diere-ontwikkelings Instituut, Middelburg, Oos-Kaap. Hy was betrokke by navorsing op kleinvee boerdery, en praat met ons oor aanpassings in boerdery praktyke.

Gaste en nie-lede is welkom; toegang is gratis.

DIT EN DAT …

April se Maandelikse Praatjie.

Max Döckel se praatjie oor die Suid-Afrikaanse ekonomie was goed bygewoon en baie leersaam. Max het beide die positiewe en negatiewe aspekte van ons ekonomiese situasie uitgelig, en het ook moontlike toekomstige verwikkelinge bespreek. Hy beklemtoon dat huidige politieke verwikkelinge in Suid-Afrika ‘n ernstige negatiewe effek op die ekonomie het, en dat ons toekomstige welsyn afhang van hoe die politieke krisis gaan uitloop.

Jagersbosch Fonds.

Die April maandelikse vergadering uitloting het R268 ingebring, en die TED praatjie op 26 April R107.10. Die fonds staan nou op R2,740.67. Die komitee oorweeg verskeie opsies vir verdere gebruik van die fonds ten bate van Jagersbosch.

Vir ‘n volle lys van alle bydraes, sien die ‘Jagersbosch Fonds’ blad op ons webtuiste: *www.u3astilbaai.org*. Ons bankdetails is op die webtuiste as iemand ‘n donasie wil maak.

Lidmaatskap

Ons ledetal is nou 171; agt nuwe lede het in April aangesluit. ‘n Hartlike welkom aan julle almal.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede. Stefan Pretorius is die ko-ordineerder vir alle U3A Stilbaai kursusse, sy kontak is *stefanpretorius877@gmail.com* vir algemene navrae.

- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Historiese Toere** : Die toer van historiese Stilbaai Wes op Woensdag 3 Mei is uitgestel weens swak weer. Ons beplan ‘n toer van historiese Jongensfontein, en ook een van Stilbaai Oos.
- **Kookkuns** : Die kookkursusse word gehou die eerste Vrydag van elke maand; getalle word beperk. Bespreek asseblief u plek by Stefan op *stefanpretorius877@gmail.com*.

- **Voëlkyk vir beginners** : Hierdie kursus word weer later in die jaar aangebied. Kontak Johan van Rooyen by *rooyenvanjohan@gmail.com*; getalle word beperk en dié populêre kursus is gou vol.
- **Koki's & Potlode** : "Skakel stres uit met inkleur vir volwassenes". Vergader elke Dinsdag van 2 tot 4nm in Die Waenhuis, Jagersbosch. R5 per sessie. Blaaie en toerusting sal aan beginners voorsien word. Kontak Carol Malan by 028 754 2817.
- **Leunstoel Reise** : Debbi Barltrop bied Leunstoel Reise byeenkomste aan elke derde Vrydag van die maand in Die Waenhuis om 17h30. Die eerste een op 16 Junie is 'n "Blu Ray" oor Indië. Lede wat wil bywoon moet asseblief vir Debbie op *barltropd@gmail.com* kontak.

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

TED PRAATJIE : "THE ORIGINS OF FEELINGS"

Woensdag, 24 Mei 2017 om 09h30; Die Waenhuis, Jagersbosch.

Die volgende twee TED Praatjies is oor die wetenskap van emosies en word fasiliteer deur Jenni Sharkey. Die eerste een op Woensdag 24 Mei is getitel "The Origins of Feelings: Neuro Science provides insights" en aangebied deur Jaak Panksepp. The TED Praatjie op 28 Junie se titel is: "Empowered by Emotional Systems (Emotional Intelligence)" en is deur Mark Solms.

Lawrence Barltrop is nou die koördineerder vir TED Praatjies.

TED is 'n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp ("**T**echnology, **E**ntertainment & **D**esign") vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van die wetenskap tot die sake wêreld tot wêrelds-kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.

UITSTAPPIES

'n Dag uitstappie na Gysmanshoek en Plattekloof passe in die Langeberg noordwes van Riversdal word beplan vir 'n dag tussen 19 en 30 Junie. Die plan is om in die Gysmanshoek vallei in te ry; as die pad oor die berg gangbaar is, sal ons oor ry na die Klein Karoo en terugkeer via Garcia Pas. Dit sal 'n rustige historiese/ natuurkundige uitstappie wees, deelnemers kan 'n piekniek middagete saamneem want ons sal seker eers middle of laat middag na Stilbaai terugkeer.

Kan lede wat belangstel ons asseblief epos by *info@u3astilbaai.org* sodat ons 'n idee van getalle kan kry; gee ook sommer julle voorkeur vir 'n spesifieke dag. Ons sal verdere kennisgewings uitstuur oor die uitstappie.

KOMENDE PRAATJIES …

Die program vir die maandelikse praatjies vir die volgende aantal maande is as volg; let wel dat dit mag verander weens onvoorsiene omstandighede:

- 26 Jun 2017: Daan Toerien bespreek die impakte van "fracking" in die Karoo op toerisme.
- 31 Jul 2017: Petra Daneel vertel ons meer van Jagersbosch. Ons (hopelik baie kort) Algemene Jaarvergadering word net voor Petra se praatjie gehou.
- 28 Aug 2017: Antel van Deventer bespreek die sosiale eienskappe en uitdagings van leerders met outisme.
- 25 Sep 2017: Esma Marnewick praat oor die skryf van reisbeskrywings ("travel writing").
- 30 Okt 2017: Anna Hattingh praat oor "Living Wills".